

Exp "X"
48
XX

REFERENCE NO. SAP.183/3991/71..

AFFIDAVIT IN TERMS OF SECTION 239 (4) ACT 56 OF 1955 AS AMENDED BY SECTION 8 OF ACT 96 OF 1965.

I, NICOLAAS JACOBUS SCHEPERS, hereby make oath and say:-


1. I am a Senior Government Pathologist at Johannesburg and am as such in the service of the Government of the Republic of South Africa.
2. That on29/10/71.....
the dead body ofan Adult Indian Male.....
was pointed out to me by .Sergt. J.P. Fourie.....
as being that ofBody No. 3991/71.....
3. On the same date I conducted a post-mortem examination on the same body and recorded my findings at the time of my examination on the attached form HEALTH 1, annexure 'A' hereto, which forms part hereof.
4. These findings were ascertained by a process requiring skill in anatomy and pathology.

Godseers

.....
M.Med.(Med.Forens.) D.P.H.

I certify that the deponent has acknowledged that he knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to before me and the deponent's signature was placed thereon in my presence.

.....
COMMISSIONER OF OATHS.



X11EE
49
3991/71.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.
DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

In my opinion he fell right slightly lower than legs. The head towards building.

Tree his back to the tree trunk. He was turning when falling towards his stomach.

VERSLAG OOR 'N REGSGENEESKUNDIGE LYKSKOUING.

JOHANNESBURG.

Aan die landdros van (9) _____
Ek, (4) Nicolaas Jacobus Schepers _____ sertifiseer hiermee

I. dat ek op (9) _____
op die _____ 29ste _____ dag van _____ Oktober _____ 1971 die liggaam van
Volwasse _____ (4) _____ Indier _____ (4) _____ Manlik _____ (9) ondersoek het
en om _____ 7.30vm _____ vm./nm. daarmee begin het;

II. dat die liggaam vir my geïdentifiseer is (9) —
(a) deur _____ Sers. Fourie van die Geneeskundige-Geregtelike Laboratorium
(b) deur _____ van _____
as dié van (19) _____ Lyk Nr. 3991/71
wie se ouderdom na bewering _____ 30 jr. was; (*)

III. dat die liggaam ook vir my geïdentifiseer is (11) —
(a) deur _____ Sien beëdigde verklaring van Sers. Fourie.
as dié van _____ ; en
(b) deur _____ van _____
as dié van _____

IV. dat my vernaamste lykskouingsbevindings in verband met hierdie liggaam die volgende was:— (15) _____ SIEN LYS VAN
WAARNEMINGS EN BYLAE I, II EN III.

DATUM VAN AFSTERWE:— 27 Oktober 1971. _____ ; en

V. dat as gevolg van my waarnemings waarvan 'n lys hieronder volg ek besluit het—
(a) dat die dood (15) _____ voor my ondersoek plaasgevind het; en
(b) dat die oorsaak/oorsake van die dood (14) _____ VEELVULDIGE BESERINGS.
_____ was.

Gedateer te _____ Johannesburg _____ op hede die _____ 4de _____ dag van _____ November _____ 1971.

Handtekening _____ Kwalifikasies (15) _____ M.Med.(Med.Forens.) D.V.G.

Ampstitel (15) _____ SENIOR STAATSPATOLOOG : JOHANNESBURG.

Vir instruksies betreffende die voltooiing van individuele paragrawe van hierdie verslag moet afdeling 2.10 van vorm Gesondheid 1 (a) geraadpleeg word.

BM 3-11-1941
3-11-1941
3-11-1941

4. UITWENDIGE VOORKOMS VAN LIGGAAM:

Daar is 'n fraktuur van die regter elmboog. Daar is 'n fraktuur van die midskag van die regter femur. Twee groot kneusmerke word gesien op die regter voorkop - een net bokant die regter wenkbrou en die ander 5cm bokant die regter wenkbrou. Die boonste en onderste ooglede van die regter oog is bloedbelope. Daar is 'n klein vars kneusmerkie by die buitenste punt van die boonste ooglid van die linker oog. Op die middel van die voorkop en net regs van die middel is daar 'n paar skraapmerkies + 1mm wyd en + 5mm lank. Op die regterkant van die nek is daar 'n paar skraapmerke en 'n paar kneusmerke. Op die voorkant en bo-op die regter skouer is daar 'n paar skaaf- en 'n paar kneusmerke. Oor die middelste derde van die regter klavikula is daar 'n klein skaafmerkie met 'n roof op. 'n Paar kneusmerke word gesien op beide infra-klavikulêre areas. Daar is 'n paar kneusmerke op die voorkant van die regter bo-arm. Op die laterale aspek van die regter elmboog en die regter voorarm naby die elmboog is daar groot kneusmerke sowel as 'n langwerpige skaafmerk. 'n Paar skaaf- en kneusmerke word gesien op die agterkant van die regter voorarm. 'n Paar kneusmerke is aanwesig op die regterkant van die borskas. Daar is 'n kneusmerk net bokant die regter crista iliaca. Op die laterale aspek van die regter iliakbeen is daar veelvuldige ronde skaafmerkies. Op die laterale aspek van die regter dy is daar twee groot kneusmerke. Op die mediale aspek en waai van die regter knie is daar 'n groot kneusmerk. Op die agterkant van die regter onderbeen is daar 'n groot kneusmerk. (Die spiere van die kuit is gekneus.) Op die regter skouerblad is daar 'n skaafmerk met 'n roof op. Op die regter lumbaal area van die rug is daar 'n paar skaafmerke wat onreëlmatig is. (Vars skaafmerk 'n Kneusing van die mukosa van die linker bo-lip is aanwesig. 'n Kneusing van die mukosa van die bo-lip in die middel is gesien.) Op die linkerkant van die nek + 3cm onderkant die oorbel is daar 'n klein skaafmerkie met 'n roof op. 3cm bokant die middel van die linker klavikula is daar 'n kneusmerk. Op die punt van die linker skouer is daar 'n kneusmerk. Op die antero-laterale aspek van die linker bo-arm en die linkerkant van die borskas is daar veelvuldige kneusmerke. [Dwars op die linker voorarm is daar 'n skaafmerk, 2 1/2 cm by 4mm met 'n roof op. Daar is 'n kneusmerk op die anterior aspek van die linker polsgewrig, en op die dorsum van die linker hand regoor die wysvinger en op die agterkant van die linker wysvinger. Daar is 'n kneusmerk op die linker lies.] Die linker enkel is verstuit en daar is onderhuidse bloeding sigbaar op die laterale aspek van die linker voet. Groot kneusmerke word gesien op die voorkant van die linker onderbeen naby die enkel en op die voorkant van die linker enkel. Kneusings word gesien op die dorsums van die tweede, derde en vierde tone van die linker voet. Op die linker agterkant van die borskas, naby die onderste hoek van die skapula, is daar 'n 5cm in deursnit kneusmerk en ander kneusmerke word gesien op die linker agterkant van die borskas. Daar is kneusmerke op die linker boud, agterkant van die linker dy en die agterkant van die linker onderbeen naby die waai van die been.

||..... Vervolg bylaag II.

Handwritten initials or signature at the bottom of the page.

BYLAAG II.

5. SKEDDEL: Daar is onderkopvel bloedings aan weerskante van die voor kop en tot 'n geringe mate op die middel voorkop. Daar is 'n onderkopvel bloeding van die linker oksipitale area. Daar is 'n fraktuur van die basis van die skedel en 'n fraktuur verloop posteriorwaarts deur die linker orbitale plaat deur die ethmoidale bene en die sell turcica en swaai dan na regs en verloop net anterior van die os petrosa. Daar is 'n kraak fraktuur wat opwaarts verloop deur die link frontale been tot by die linker parietale been en dit eindig in die middellyn. Daar is 'n kraakfraktuur wat dwars verloop deur die regter anterior fossa anterior van die regter klein vlerk van die sphenoidale been en swaai dan opwaarts deur die regter frontale been en die regter parietale been en eindig in die middellyn sonder om die teenoorgestelde kraak te ontmoet. Daar is 'n ingeduike fraktuur van die linker parietale been ('n klein los fragment van die linker parietale been is aanwesig.).
6. SKEDDEL INHOUD: Oral op die brein is verspreide subaragnoidale bloedings aanwesig, veral op die inferior aspekte van die linker frontale en temporale kwabbe. Daar is 'n skeuring op die inferior aspek van die linker frontale kwab naby die middellyn en klein stukkies been-fragment word hier gevind. Daar is petegiale bloedinkies in die midbrein, pons en hipotalamus. Daar is bloed in die vierde ventriekel van die brein. Klein punt-vormige bloedinkies word gesien oral in die brein, veral in die witsubstans van die frontale kwabbe. Die brein op snyvlak is baie isgemies. Die klein vene van die brein is gedilateer en bevat klein trombi.
7. OOG-, NEUS- EN OORHOLTES: Daar is 'n fraktuur van die neusbene. Daar is 'n fraktuur van die linker inferior orbitale ramus waar dit by die neusbene aansluit. Daar is 'n fraktuur van die inferior orbitale ramus aan die regterkant waar dit by die neusbene aansluit.
8. MOND, TONG EN FARINKS: Daar is 'n fraktuur van die ^{regter} bokaak tussen die boonste laterale snytand en die hoektand. Daar is 'n fraktuur van die linker bo-kaak posterior van die boonste linker verstand tand. Daar is 'n fraktuur van die linker onderkaak by die hoek van die kak been (die linker onderkakebeen toon aanstukkies gebreekte frakture waar die fraktuur is).
9. NEKSTRUKTURE: Daar is bloedings in die weefsels van die nek in die gebied van die linker horing van die hioiedbeen. Daar is 'n skeuring van die laterale ligament en kapsel van die gewrig tussen die linker horing van die hioiedbeen en die liggaam van die hioiedbeen. Die tiroiedbeen is nie gebreek nie. Daar is bloeding in die onderhuidse weefsels aan die regterkant van die nek, van die hoek van die regte kakebeen tot by die klavikula. Daar is 'n skeuring van die spierwesels van die regter sterno-mastoied spier by die aanhegting aan die mediale aspek van die regter klavikula.

..... Vervolg bylaag III.

B Y L A A G III.

10. BORSKAS EN DIAFRAGMA: Die linker eerste rib is gebreek lateraal en die linker derde tot sesde ribbes is gebreek posterior naby die rugwerwel. Die regter eerste tot sewende ribbes is gebreek lateraal en posterior en die regter agtste tot elfde ribbes is gebreek naby die rugwerwel. Daar is kneusing van die linker koepel van die diafragma en die regter koepel waar dit by die ribbes vaskom.
11. MEDIASTINUM EN SLUKDERM: Daar is bloeding in die weefsels van die posterior mediastinum regoor die vertakkinge van die brongi.
12. TRAGEA EN BRONGI: Die tragea en brongi bevat bloed en skuim.
13. PLEURAE EN LONGE: Die regter pleurale holte bevat 230ml vry bloed en die linker pleurale holte 130ml. Daar is 'n skeur op die laterale aspek van die onderste kwab van die regter long, 8cm lank. Daar is weelvuldige skeure van die basis van die regter long, die grootste meet 6cm lank. Kneusings van beide longe word gesien oor die para-vertebrale areas en die basisse en dorso-laterale aspekte, hoofsaaklik die boonste helftes, veral die apekse, is erg gekneus. Beide longe toon inwendige kneusings van die posterior aspekte en van die boonste kwabbe. Die regter long weeg 400g en die linker long 350g. Op snyvlak is beide longe effens isgemies, behalwe vir die gekneuse areas. Ingeasemde bloed kan gesien word van beide longe. Daar is slegs baie geringe oëdem van die long.
14. HART EN PERIKARDIUM: Die hart is nie vergroot nie. Subepikardiale petegiale bloedinkies is aanwesig, veral oordie basis van die hart. Daar is kneusings van die anterior klep van die mitraal-klep. Daar is feitlik geen bloed in die hart nie. Die koronêre arterie is heeltemal gesond. Die hart weeg 230g.
15. GROOT BLOEDVATE: Daar is geringe ateroos van die abdominale aorta. Die linker renale arterie is afgeskeur en daar is bloeding in die weefsels rondom die arterie.
16. BUIKHOLTE: Die buikholte toon verder geen afwykings nie.
17. MAAG EN INHOUD: Die maag bevat kos (artappelskyfies kan onderskei word).
18. DERMS EN MESENTERIUM: Die derms en mesenterium toon geen afwyking of beserings nie.
19. LEWER, GALBLAAS EN GALBUISE: Die lewer is isgemies en weeg 1150g en toon transkapsulêre skere op die inferior aspek van die regter kwab en anterior aspek van die regter kwab en 'n inwendige ruptuur van die regter kwab. Die galblaas en galbuise toon geen afwyking

LYS WAARNEMINGS.

53

ALGEMEEN—

1. Persoonlike besonderhede: Skynbare ouderdom (17) _____

Lengte (18) _____ vt. 1,60m _____ dm. Gewig (19) 61kg _____ lb.

Liggaamsbou (20) Gemiddeld. Voedingstoestand (21) Normaal.

2. Spesiale identifiserende kenmerke (22) Geen.

3. Sekondêre nadoodse veranderinge (23) Geen.

4. Uitwendige voorkoms van liggaam en toestand van ledemate (24) SIEN BYLAAG I.

KOP EN NEK—

5. Skedel SIEN BYLAAG II.

6. Skedel inhoud (25) SIEN BYLAAG II.

7. Oog-, neus- en oorholtes (26) SIEN BYLAAG II.

8. Mond, tong en farinks SIEN BYLAAG II.

9. Nekstrukture (27) SIEN BYLAAG II.

BORS—

10. Borskas en diafragma SIEN BYLAAG III.

11. Mediastinum en slukderm (28) SIEN BYLAAG III.

12. Tragea en brongi ⁽²⁹⁾ SIEN BYLAAG III.

13. Pleurae en longe⁽³⁰⁾—

Regter: SIEN BYLAAG III.

Linker: SIEN BYLAAG III.

14. Hart en perikardium ⁽³¹⁾ SIEN BYLAAG III.

15. Groot bloedvate ⁽³²⁾ SIEN BYLAAG III.

BUIK—

16. Buikholte SIEN BYLAAG III.

17. Maag en inhoud ⁽³³⁾ SIEN BYLAAG III.

18. Derms en Mesenterium ⁽³⁴⁾ SIEN BYLAAG III.

19. Lewer, galblaas en galbuis SIEN BYLAAG III.

20. Pankreas is sag in konsistensie en heelmoontlik outolities en daar is bloeding langs die inferior rand.

21. Milt ⁽³⁵⁾ weeg 210g en is effens vergroot en effens isgemies. *mt*

on the left

22. Byniere⁽³⁶⁾—

Regter: is effens isgemies.

Linker: soos bo.

23. Niere en ureters⁽³⁷⁾—

Regter: Die niere is van normale grootte en op snyvlak is hulle isgemies. Hul oppervlakte is glad. Die nierskors-medulla

Linker: verhouding is normaal. Die nierpelves en ureters toon geen afwykings nie.

24. Urienblaas en uretra ⁽³⁸⁾ Die blaas is gedilateer en bevat baie urien. Ge-open meet die blaas plus-minus 15cm in dwarste.

25. Bekkenwande. Daar is bloeding op die laterale wand aan die linkerkant van die pelvis.

26. Geslagsorgane (39) Toon geen afwykings nie.

RUGGRAAT—

27. Ruggraat (40) Daar is n fraktuur van die liggaam van die sewende servikalewerwel.

28. Rugmurg (41) Nie ondersoek nie.

Die hekel was smong teffens.
[More heersing]

VERDERE WAARNEMINGS— Geen.

"R" - Hioiedbeen is gehou vir bewaring.

"A", "B", "C", "D", "E", "F", "G", "H", "I", "K", "L", "M", "N", "P" en "Q" - Weefsels vir histologie is geneem van beserings net links van hierdie letters soos aangetoon op fotos.

MONSTERS GEHOU—

Aard van monster.	Aard van ondersoek vereis.	Beskikking oor monsters(42).
BREIN; LONGE; LEWER; MILT; HART; PANKREAS; NIERE EN BYNIERE.	Histologie.	Dr. N.J. Schepers.
"O" foto van die linkerkant van die borskas en n monster is geneem van die linkerkant van die borskas en geplaas in bottel gemerk "O"		
"O ₁ " monster van weefsel net links van letter "O ₁ " op foto (N.B. toe foto "O ₁ " geneem is, is geelkaart met lykskouingsnommer daarop geplaas oor die plek waar monster "O" geneem is) †		

OPMERKINGS.—VORM Gesondheid 1 (a) moet geraadpleeg word vir algemene instruksies betreffende:—

1. Die uitvoer van regsgeneeskundige lykskouings.
2. Die invul van lykskouingsverslae op hierdie vorm.
3. Die uitsoek, versamel en aanstuur van regsgeneeskundige lykskouingsmonsters vir spesiale laboratoriumondersoeke (patologiese en toksikologiese).
4. Die aanstuur van borsorgane van mynwerker aan die Pneumokonioseburo.

X2

56
F19.

BYLAAG TOT LYKSKOONING - P.M. 3991/71.

LONGE : Press van die longe vertoon relatief isgemies. In ander areas is daar baie bloed in die alveoli. Bloed word ook in die brongiole gesien. Daar is geringe pulmonale oedeem aanwesig, maar geen areas van brongo-pneumonia word gesien nie.

REIN : 'n Subaragnoïdale bloeding word op die oppervlakte van die brein gesien. In hierdie snit vertoon die brein relatief isgemies. Gestolde bloed word in die brein kapillêre gesien.

HEART : Behalwe vir traumatisering van hartspierwesels toon die hart geen histologiese veranderinge nie. Die koronêre arterie is nog gesond. Die miokardium vertoon relatief isgemies.

BYNIERE : Daar is bloeding rondom die byniere. Verder toon die byniere geen histologiese afwykings nie.

NIERE : Die niere is outolities en relatief isgemies. Verder kan geen histologiese afwykings gesien word nie.

MILT : Die milt is relatief isgemies.

PANKREAS : Die pankreas is outolities en daar is 'n bloeding langs die pankreas.

VELSKNITTE :

A.

Hierdie snit is die van 'n nie-blanke vel. Op die vel is daar 'n rofie wat deur neutrofiele leukosiete infiltrêr is. Die meeste van die neutrofiele leukosiete het piknotiese kerne. Onderkant hierdie rofie is daar 'n epiteel-laag wat verskeie sellae dik is en die mees oppervlakkige sellaaag is 'n granulêre laag waar keratien gevorm word. 'n Dun laag keratien is reeds aanwesig. Hierdie dun laag epiteel wat tussen die rofie en die onderliggende kollagene weefsels ingegroei het toon geen "rete pegs" nie. Onderliggende hierdie dun laag van epiteel is daar 'n vars bloeding.

Die kollagene weefsel van die dermis is verwing en in die subkutane vet is daar 'n bloeding in die weefsels, wat wyer strek as die oorliggende rofie.

WESIE : Die snit toon 'n rofie van plus-minus 5 tot 6 dae oud op die vel met 'n vars kneusing van die vel en onderliggende subkutane weefsels.

B

Is 'n snit van 'n nie-blanke vel met 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

C

Is 'n snit van 'n nie-blanke vel met 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

D

Is 'n snit van 'n nie-blanke vel met 'n rofie op. Die onderliggende epiteel is verskeie sellae dik en begin om keratien te vorm - Die rofie is van 5 tot 6 dae oud.

Vervolg 2.

⊙

12

57

Ook is daar 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

B. Is 'n snit van 'n nie-blanke vel. Daar is verwringing van die kollagene weefsels van die dermis en daar is bloedinge in die dermis en net onderkant die epidermis.

F. Hierdie snit van 'n nie-blanke vel toon aan sy een punt 'n rofie van 5 tot 6 dae oud. Verder is daar 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

G. Hierdie is ook 'n snit van 'n nie-blanke vel en daar is 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

H. Dit is 'n snit van 'n nie-blanke vel en dit toon 'n ergo kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

I. Hierdie is 'n snit van 'n nie-blanke vel. Daar is 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels en vreemde materiaal is in die vel ingedrywe.

K. Dit is 'n snit van 'n nie-blanke vel en daar is 'n vars en ergo kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

L. TWEE SNITTE : Die twee snitte gemerk "L" is die van 'n lip. Daar is nie 'n keratienlaag op die epiteel nie en die een snit toon mukus kliere in die sub-epiteliale area. Daar is 'n vars kneusing van die sub-epiteliale weefsels in elke snit.

M. Is 'n snit van 'n nie-blanke vel en dit toon 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

N. Hierdie is 'n snit van 'n nie-blanke vel. Op die vel is daar 'n rofie en die dieper liggende deel van die rofie word deur neutrofiele leukosiete infiltrer. Tussen die rofie en die kollagene weefsels van die dermis het daar 'n epiteellaag ingegroei. Hierdie epiteellaag het van weeskante ingegroei en die twee tonge van epiteel ontmoet mekaar byna. Waar hulle mekaar byna ontmoet is die epiteel twee sellagig maar verder lateraalwaarts is die epiteel meer sellagig. In die subkutane weefsels is daar fibroblastiese aktiwiteit en 'n baie ligte perivaskulêre infiltrasie van hoofsaaklik limfosiete aanwesig.

KONKLUSIE : Hierdie letsel van die vel is tussen 4 en 6 dae oud.

O. Hierdie snit van 'n nie-blanke vel toon granulasieweefsel in die subkutane weefsels. Fibroblastiese en histiositiese aktiwiteit word gesien en daar het nuwe kapillêre vate ontwikkel. Daar is 'n ligte perivaskulêre infiltraat van limfosiete en enkel leukosiete aanwesig. Ook is daar gerasaamtes van rooibloedselle in die onderhuidse weefsels te sien sowel as redelike vars rooibloedselle.

'n Ysterkleuring van hierdie snit toon haemosiderian pigment in makrofage.

KONKLUSIE : Hierdie letsel is ten minste 5 tot 6 dae oud.

O₁. Hierdie snit van 'n nie-blanke vel toon 'n vars onderhuidse kneusing.

P. Hierdie is 'n snit van 'n nie-blanke vel en daar is 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

Q. TWEE SNITTE : Die een snit van 'n nie-blanke vel toon traumatisering van die epiteel met 'n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

mylthations or walls, hair follicles, glands, inflammation & new formation

Vervolg 3.

Die ondersnit: Ook die van n Nie-Blanke vel, toon n vars kneusing van die vel en onderhuidse weefsels.

R. Die snitte is die van n ontkalkte gewrig tussen die groter horing en liggaam van die hioied been. Daar is skeuring van die periosteum op die laterale aspek van die gewrig en die skeur gaan in die kraakbeen tussen die liggaam van die hioied been en linker groot horing van die hioied been in. Daar is geen histologiese tekens wat kan aandui dat die skeuring nie vars is nie.

S. Geen beskadiging van die wand van hierdie arterie (regter-arteria carotis) kan histologies waargeneem word nie.

T. Die linker-arteria carotis: Toon n area waar daar verwringing en skeuring van die elastiese vesels in die wand van die arterie gesien kan word. Hierdie besering is ook n vars besering.


Schepers

M.Med. (Med.Forens.) D.V.G.

N.J. SCHEPERS.


SENIOR STAATSPATALOOG, JOHANNESBURG.

Exp-AAA 60




AA2

61




AA3.

62



AA4 63




AA5. CV




JOHN VOSTERLEIN STEPHENINGISTER JR. 3991/71

A. 29.

AA7.66



AA8.67



Collection Number: A3388

Collection Name: Ahmed Timol Inquest, records, 1971-1972

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers Research Archive

Location: Johannesburg

©2015

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive held at the Ahmed Kathrada Foundation.